

BEHEER VAN DORINGTURKSVY

deur H.G. ZIMMERMANN
Onderafdeling Onkruidnavorsing
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

(Vervang B.1.1./1982)

Die doringturksvy (*Opuntia ficus-indica*) kan 'n lastige onkruid word in sekere dele van die Republiek. In sommige gevalle is dit raadsaam om lastige besmettings chemies te beheer.

Chemiese beheer

Mononatriummetaanarsonaat (MSMA) en glifosaat is tans vir die beheer van doringturksvy geregistreer. Beide onkruidodders word as gekonsentreerde oplossings in die turksvystamme ingespuut.

Die Departement van Landbou en Watervoorsiening help boere wat turksvye wil beheer deur MSMA-konsentraat (720 g/l) teen 'n gesubsidieerde prys aan hulle te verskaf. Voor toediening moet MSMA met 'n gelyke hoeveelheid water verdun word, m.a.w. 1 deel MSMA met 1 deel water. Hierdie oplossing word in die gate wat in die hoofstamme van die turksvye gemaak word, ingespuut.

Vir glifosaattoediening is die aanbevole dosis 1 deel glifosaat (359 g/l) in 2 dele water. Glifosaat vir die beheer van turksvye word nie deur die Departement

van Landbou en Watervoorsiening gesubsidieer nie.

Die stamtoedieningsmetode

Enige metaalsteekpen met 'n skerp punt kan gebruik word om gate in die turksvystamme te maak (Fig. 1).

Die MSMA-oplossing word in hierdie gate ingespuut. Die gate moet skuins na onder en diep genoeg wees om 2 m^l van die oplossing te hou. As die gate te klein is, sal van die oplossing uitloop. 'n Gewone, goedkoop skaapdoseerspuit, met 'n rugsakhouer, is 'n ideale toedieningsapparaat (Fig. 2).

'n Rugsakspuitpomp waarvan die spuitkop deur 'n dun pypie vervang is wat in die gaatjie pas, kan ook gebruik word. Die gaatjies moet verkieslik deur middel van gravitasie gevul word om onnodige vermorsing teë te werk.

Die aantal inspuittings wat nodig is om 'n turksvyplant dood te maak, hang van die grootte van die plant af, soos in Fig. 3 aangetoon word. Vir kleiner plante met 15 tot 50 blaaië, sal een




FIG. 1 - 'n Skerp metaalsteekpen kan gebruik word om gate in die turksvystamme te steek




FIG. 2 - 'n Skaapdoseerspuit is 'n baie geskikte apparaat om die onkruidodder mee toe te dien




FIG. 3 - Die aantal inspuitings nodig om turksvye van verskillende groottes dood te maak



FIG. 4 - Metode om terminaalblaaië in te spuit

(= 2 ml-oplossing) of twee (= 4 ml-oplossing inspuitings voldoende wees, terwyl groter plante (met omtrent 250 blaaië) ongeveer 10 inspuitings (= 20 ml-oplossing) moet kry.

Dit is uiters belangrik dat die inspuitings eweredig oor die hele omtrek van die onderste stam of stamme versprei moet word. Slegs die hoofstam en primêre sytakke (indien daar is) moet behandel word. Indien die inspuitings te hoog op die stamme toegedien word, breek die plante uitmekaar en verstrooi so die blaaië waarvan sommige weer mag groei.

As die hoofstamme heeltemal onbereikbaar is, moet die terminale blaaië ingespuit word (Fig. 4).

Behandel een turksvyblad op elk van die hoofstamme. Hierdie metode sal nie die plant heeltemal doodmaak nie, maar veroorsaak dat die meeste van die blaaië afval, sodat die stam later bereik kan word. Die plante kan dan die aanbevole staminspuitingsbehandeling, soos beskryf, ontvang.

Die eerste simptome verskyn 'n paar weke nadat die plante ingespuit is, wanneer die terminale blaaië begin bruin word en afval. Behandelde plante gaan binne 2 tot 8 maande dood, na gelang van hulle grootte.

Boere wat turksvye met behulp van MSMA wil beheer, moet met hulle naaste landbouvoorligter of onkruidinspekteur in verbinding tree vir

besonderhede omtrent die subsidieskema wat aan hulle beskikbaar is.

Voorsorgmaatreëls

MSMA is korroderend op metaal en daarom moet toedieningspuitte en spuitpompe na gebruik deeglik met water uitgespoel word. Hoewel MSMA 'n relatief lae toksisiteit vir diere het, kan dit tog skadelik wees en selfs die dood veroorsaak as dit ingeneem word. Alle MSMA-houers moet diggehou en buite die bereik van kinders en diere gebêre word. Dit is ook raadsaam om vee vir 3 maande uit behandelde kampe te onttrek. Geen vrugte van behandelde bome mag geëet word nie.

Biologiese beheer

Die turksvymot *Cactoblastis cactorum*, tesame met die turksvycochenille *Dactylopius opuntiae*, is tans die doeltreffendste vyande teen die kleiner turksvyplante (14 blaaië en minder). Sodra die plante groter as die 14-blad-stadium is, word dit moeiliker vir die insekte om hulle te vernietig. Chemiese beheer moet dus toegespits word op plante van hierdie grootte en groter, terwyl die kleiner plante aan insekbeheer oorgelaat moet word.